
35 koerante + 11 tydskrifte.
Netwerk24. Alles op een plek.
Teken in by www.netwerk24.com.
NETWERK24

OOS-KAAP
Saterdag
31 Maart 2018
R7,30 (BTW ingesluit)
NETWERK24
www.netwerk24.com

# DIE BURGER



Paasfees volgens Fred... bl. 8

New Brighton: EFF versper kliniek bl. 3

Die ware verhaal van Blokkies Joubert bl. 7




GELVANDALE

# Kleuter (3) skok dood by kragpaal

## Ma woedend vir munisipaliteit

**Cara-Lee Dorfling**

Verlede week het die Booysengesin van Port Elizabeth twee verjaardae gevier, en in die volgende week sal hulle die jongste lid van hul gesin moet begrawe nadat sy glo gister doodgeskok is.

Die driejarige Twané Booysen het glo gister by die bure se huis in Virgoweg, Gelvandale, gespeel toe sy aan 'n kragpaal geraak het en doodgeskok is.

Levona Booysen (36), Twané se ma, sê sy was net op pad om Twané te roep om te bad toe sy die gille buite die huis hoor.

"Al wat ek onthou, is hoe iemand skree 'Nay-Nay (Twané se bynaam) is geskok'," sê Levona met haar hande in die lug. "Ek het gedink ek gaan vinnig speel en eerder 'n vriend vra om met ons hospitaal toe te jaag as om hier te wag op 'n ambulans."

Fosia Abrahams (53), Twané se ouma, is 'n versorger met noodhulpondervinding en het dadelik kunsmatige asemhaling op Twané toegepas.

"Twané het bygekom en opgegooi, maar haar kop het daarna net gehang."

Riedewaan (38), Twané se pa, sê vir hom het dit gelyk of Twané nie meer asemhaal nie en hy het sy oor teen haar bors gehou. "Ek het 'n sagte hartklop gehoor en so 'n paar sekondes later nog 'n sagte een."



**Twané Booysen (3)**

Levona het intussen 'n saamrygeleentheid na die hospitaal gekry. "In die kar sê ek nog my kind lyk nie reg nie. Haar lippe lyk so blou. Ek kon sien iets is nie reg nie – 'n ma ken haar kind, maar ek het aanhou glo sy is nog hier."

Naby die Gelvandale-polisiekantoor het die ambulans van voor aangery gekom en Twané is na die ambulans oorgeplaas.

"Hulle het dadelik die masjiene op haar gesit, maar daar was niks nie. Ek het gedink sy haal nog asem. Maar sy was weg."

Die polisie het 'n geregtelike doodsondersoek geopen, sê ao. Alwin Labans, polisiewoordvoerder.

Riedewaan sê die hele voorval is vir hom onwerklik. Verlede week het die gesin Twané se derde verjaardag gevier en vier dae later Riedewaan se verjaardag.

"Ons verjaar naby mekaar, dis my *baby* daai, dis my *baby* wat nou dood lê in die ambulans," het hy gesê.

Levona sê sy het vyf seuns, maar Twané was haar enigste dogter.

"Ek is baie teleurgesteld dat die munisipaliteit nie aandag aan die paal gegee het nie. Vanoggend was my kind nog lewend, sy het nog gedans. En nou is sy dood weens die paal."

Tisha Slater, eienaar van die erf waar die kragpaal geleë is, sê sy het reeds twee keer die kragpaal by die munisipaliteit aangemeld omdat dit los is.

"As die wind waai, beweeg die paal heen en weer. Met elke wind raak die paal losser. Ek was bang die paal val op my huis. Daarom het ek dit aangemeld, maar nou is dit veel erger – iemand is dood."

Sy sê 'n munisipale werker het in 2017 haar huis besoek, maar net na die kragpaal gekyk en toe gesê hy sal eers met sy bestuurder moet praat. "Tot vandag toe het niemand weer die paal kom bekyk nie."

Volgens Slater het haar kind gesê sy is ook geskok toe sy vir Twané by die paal probeer optel.

Levona het intussen gesê sy hou die munisipaliteit ten volle verantwoordelik vir Twané se dood en sy gaan hulle dagvaar.

"Sodra my kind se begrafnis verby is, is dit die eerste ding wat ek gaan doen."

Die munisipaliteit se woordvoerders het nie onmiddellik op navrae gereageer nie.

## Pierre Pistorius, pure pikkewyn!



**Dr. Pierre Pistorius, senior dosent in dierkunde aan die Nelson Mandela Universiteit in Port Elizabeth, sit tussen koningpikkewyne op Marion-eiland. Hy is die enigste Suid-Afrikaner wat saam met navorsers van onder meer Italië, Noorweë en Oostenryk gewerk het in onlangse navorsing oor die impak van klimaatsverandering op dié spesie. Berig op bl. 13.** Foto: OTTO WHITEHEAD

## Guptas veg voort vir hul private straler

**Jana Marx**

Die Guptas is nie van plan om die hofbevel te gehoorsaam en hul Bombardier Global 6000-straler, wat steeds by die Dubai World Central-lughawe (DWC) geparkeer staan, na Johannesburg terug te bring nie.

Ahmed Gani, prokureur van Atul en Chetali Gupta, het gister gesê hulle gaan regter Fayeeza Kathree-Setiloane se hofbevel om die vliegtuig terug te besorg teenstaan.

Ian Petchenik, woordvoerder van Flightradar24 AB in Chicago, het Donderdag bevestig dat MSN 9631/ZS-OAK nog nie opgestyg het nie, hoewel die Guptas slegs vier dae oor het voordat die vliegtuig se registrasie ingevolge die hofbevel geskrap word.



**Atul Gupta**

Kathree-Setiloane het die Guptas in die hooggeregshof in Johannesburg beveel om die vliegtuig binne 15 kalenderdae aan Export Development Canada (EDC), Kanada se bank vir in- en uitvoer, en die Kanadese maatskappy Stoneriver MSN 9631 terug te besorg, of by die Lanseria-lughawe in Johannesburg te oorhandig. Doen hulle dit nie, moet die Burgerlugvaartowerheid die vliegtuig se registrasie binne drie dae skrap.

Die Gupta-egpaar is beveel om die regskoste van dié dringende aansoek te betaal en hulle en hul maatskappye, Oakbay Investments en Westdawn Investments, is verbied om van die vliegtuig ontslae te raak.

Die aansoekers het onder meer finansiële risiko, skade aan hul reputasie en die kommer dat die vliegtuig vir misdrywe gebruik word, as gronde in hul betoogHoofde voorgehou.

"Dit is duidelik dat die Gupta-respondente die vliegtuig na onbekende bestemmings vlieg. Dit vergroot die risiko dat die vliegtuig beskadig sal word," het die regter in haar uitspraak gesê.

Dr. Theo Broodryk, hoof van die Universiteit Stellenbosch se regskliniek, sê sodanige appèl sal Kathree-Setiloane se hofbevel opskort.

Die dringende aansoek is gebring hangende die uitkoms van die saak wat in die hooggeregshof in Engeland en Wallis voorkom. Daarin voer die Guptas aan dat EDC en Stoneriver die huurkoopkontrak van die straler in Desember 2017 onwettig beëindig het.

EDC en Stoneriver kon nie vir kommentaar bereik word nie.

Jou top-eiendomsagent vanaf 1984!
082 801 2801 • 041 583 5453
MARIETTE ROSSOUW
Gebong deur Goldberg & De Villiers
Adri Ludorf: 041 501 9816

Ton Vosloo-Mediasentrum,
Ivor Benn-slot, Port Elizabeth
102de jaargang
07818
9 771023 761025

## Kamera ná 2 jaar in see vol mossels op pad terug na baas

'n Kamera wat meer as twee jaar gelede in die see geval en weggeraak het, is op pad terug na sy eienaar.

Die kamera, byna heeltemal toegegroei met mossels, het op 'n strand in Taiwan uitgespoel.

Danksy die waterdigte kassie waarin dit was, werk dit nog, berig BBC.

'n Groep skoolkinders het die kamera gevind. Om die eienaar daarvan op te spoor het hul onderwyser die foto's wat op die kamera was op Facebook geplaas.

Binne net een dag is die eienaar opgespoor.

"Ek kon dit nie glo nie," sê Serina Tsoebakihara, die kamera se eienaar.

Sy sê sy was baie verbaas toe haar vriende die Facebook-foto's aan haar stuur.

Die Japanse universiteitstudent was in September 2015 op vakansie op die eiland Isjigaki, Okinawa, sowat 250 km oos van Taiwan, toe sy die kamera laat val het.

"Nie 'n druppel water het by die kassie ingekom nie," het Park Lee, die onderwyseres, gesê. "Nog indrukwekkender is dat die kamera se battery steeds gelaai was."

Sluit vandag aan by ons
aanlyn forum
en pluk die vrugte



Ons vra die vrae, jy lug jou mening en ons beloon jou.
Dis hoe maklik dit is.
Forum24 bied jou opwindende belonings soos koopbewyse vir lugtyd, kruideniersware en klere.
Enigiemand kan aansluit
Dis vinnig, maklik, veilig en gratis, en jou privaatheid word nooit geskend nie.
Beloningspunte word toegeken met die voltooiing van vraelyste
Die keuse van wie uitnodigings na opnames ontvang, berus by ons.
Slegs een paneel-lidmaatskapprofiel per lid word toegelaat
Veelvoudige profielskepping sal tot gevolg hê dat alle voordele opgehef word
Forum24
Registreer by www.forum24.co.za
MEDIA24

Hoogtepunte op www.netwerk24.com

## Die 10 mees gelese berigte van die dag

1. KYK: Jagluiperd hou lekker saam safari
2. KYK: 2 vroue baklei voor Piza é Vino
3. 'Jy gaan oukei wees, sê deurskynende man'
4. Tobie Cronjé se toneelstuk gekanselleer
5. KYK: Verkeer ry in aankomende baan op N1
6. Groep Britse toeriste by Ermelo beroof
7. Max aan Willemien: 'Die mooiste ding wat ek oor myself kan sê'
8. Man vra Matiestudent se ma verskoning oor haar moord
9. Grey het opgetree teen prefek wat 13-jarige 'slaan'
10. HOOGTEPUNTE: SA t. Aus (SA, 313/6)

**HET JY GEWEET?**

As 'n volweek-intekenaar van die gedrukte koerant kry jy ook onbeperkte toegang tot Netwerk24 vir nuus wat jy kan vertrou deur 'n landwye verslagspan.

**Aktiveer jou intekening op enige van die volgende maniere:**

087 740 1061
diens@netwerk24.com
SMS die woord "diens" na **31069** (SMS'e kos R1,50).
www.netwerk24.com/koerant

# Getuies vir Zuma-verhoor van ver ingevlieg

**Llewellyn Prince**

Mense van oor die wêreld heen sal ingevlieg word om teen oudpres. Jacob Zuma in sy korrupsieverhoor te getuig.

Dit is duidelik uit 'n gelekte getuielys wat eergister deur die televisienuuskanaal eNCA onthul is.

Zuma is gedagvaar om volgende Vrydag in die hooggeregshof in Durban te verskyn.

Hy sal saam met Thales South Africa, 'n filiaal van die Franse wapenvervaardiger Thales, verhoor word.

Die hofdatum is bepaal nadat adv. Shaun Abrahams, nasionale direkteur van openbare vervolging, die betrokke aanklagte teen Zuma heringestel het nadat dit in 2009 teruggetrek is.

Die Valke, wat die ondersoek teen Zuma hanteer, het hul skok oor die uitlek van die getuielys uitgespreek.

Luidens die volledige getuielys is die meeste van die 207 getuies in Suid-Afrika gesetel.

Dar is ook getuies wat in Australië, Engeland, Duitsland, Skotland, Singapoer, Maleisië, Swede en Mauritius woon.

Bekende Suid-Afrikaners op die lys is Patricia de Lille, burgemeester van Kaapstad en 'n onthuller van korrupsie in die destydse wapentransaksie, asook Mark Kingon, waarnemende kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Ander bekendes is Andrew Feinstein, wat destyds weens die wapenskandaal as ANC-LP bedank het, regter Willem Heath en Zuma se vriend Vivian Reddy.

Schabir Shaik, sy voormalige finansiële adviseur wat tronkstraf opgelê is vir sy aandeel in die klagte waarop Zuma en Thales verhoor sal word, is nie op die getuielys nie.

Luidens die lywige klagstaat sal Zuma en Thales teregstaan op 18 hoofaanklagte van rampokkery, korrupsie, geldwassery en bedrog.



**Oudpres. Jacob Zuma** Foto: *DAILY SUN*

Dit lui ook dat Thales, Shaik en laasgenoemde se destydse Nkobi-groep van maatskappye die gemene doel gehad het om Zuma om te koop deur 'n reeks betalings van Shaik en Nkobi, asook 'n verskeidenheid dienste wat Shaik gratis aan Zuma gelewer het.

Die gemene doel is glo voor 25 Oktober 1995 gevorm.

"Shaik en/of die relevante korporatiewe entiteite in die Nkobi-groep, het Zuma in die tydperk van 25 Oktober 1995 tot 1 Julie 2005 deur 783 betalings ter waarde van R4 miljoen bevoordeel."

Die betalings was deur Shaik en Nkobi.

Zuma was van 1994 tot 1999 LUR vir ekonomiese sake en toerisme in KwaZulu-Natal, voordat hy in 1997 die ANC se adjunkpresident geword het.

Van 1999 tot 2005 was hy Suid-Afrika se adjunkpresident.

Die klagstaat lui dat die betalings geen sakesin gemaak het nie omdat Shaik en Nkobi dit weens kontantvloeiprobleme nie kon bekostig nie.

"Aan die ander kant het die groep se oorlewing afgehang van die verkryging van winsgewende nuwe sake met die hulp van Zuma, Thales en Shaik."

Die klagstaat meld ook hoe De Lille op 9 September 1999 in die parlement ongerymdhede met die destydse wapentransaksie onthul het.

"Die presidensie het onmiddellik 'n verklaring uitgereik om Zuma se betrokkenheid te ontken."

Die klagstaat lui dat Zuma, Thales en Shaik weens hul optrede deel was van 'n rampokkersindikaat wat ten doel gehad het om korrupte verhoudings met politici (Zuma) te handhaaf en hulle te betaal in ruil vir hul invloed om sake vir die betrokke maatskappye te bekom.

Michael Hulley, Zuma se prokureur, kon gister nie vir kommentaar bereik word nie.



ANC-raadslede staan op tydens Donderdag se raadsvergadering en begin sing en dans. Foto's: LULAMA ZENZILE

## NIKS OP AGENDA BESPREEK

# Agt uur van chaos in Baaise vergadering

**Candice Bezuidenhout** en **Selloane Khalane**

Die ANC stem saam met die EFF en UDM dat die Baaise burgemeester, Athol Trollip, sy pos moet verlaat omdat hy "niks aan die mense lewer nie".

Só het Fikile Mbalula, die ANC se verkiesingshoof, gesê ná die agt uur lange raadsvergadering van die Nelson Mandelabaai-metroraad wat hy Donderdag waargeneem het.

"Ons mense het nie in groot getalle vir ons kom stem nie. Maar hulle het ook nie vir Trollip gestem nie. Wat hier gebeur, is nie demokrasie nie."

Donderdag se vergadering, waar in 'n mosie van wantroue teen Trollip gestem sou word, het egter niks opgelewer nie.

'n Chaos het deurgaans geheers en die mosie is uiteindelik glad nie ter tafel gelê nie en vir twee weke uitgestel. Geen sake op die agenda is bespreek nie.



**Mongameli Bobani van die UDM probeer grappenderwys die burgemeester, Athol Trollip, se hand neem nadat die speaker, Jonathan Lawack, die vergadering verlaat het.**

Mbalula het hom tydens die vergadering tussen die media tuisgemaak. Hy het sy eie mediakonferensie gehou en gesê hulle (die ANC) het niks persoonliks teen Trollip nie, maar wel teen die DA en sy beleid. "Die beleid sal nooit ons mense bystaan nie."

Hy sê die ANC glo in 'n koalisie waarin almal saamstem om die lewe vir ander te verbeter. "Dit is hoekom ons saam met die EFF gestem het oor grondonteiening sonder vergoeding, want dis ons beleid. Ons soek grond, dis wat ons wil hê.

"Ons is nie hier vir die burgemeestersposisie nie. Ons sal saam met diegene werk wat die DA wil uit hê omdat die DA alles verteenwoordig wat agteruitgang is," het hy bygevoeg.

Mmusi Maimane, DA-leier, wat die vergadering bygewoon het om Trollip te ondersteun, het gesê dit is vir hom vreemd dat die EFF sy eie mosie vertraag en nie daarmee voortgaan nie. "Dit is baie duidelik dat die ANC en EFF nie die getalle gehad het nie, want waarom anders sal hulle hul eie mosie in die wiele ry en hul eie keuses vertraag?

"As hulle werklik demokrate is, moes hulle vandag gestem het, die mosie ter tafel gelê en ons laat stem het om verdere vertraging te vermy. Ons moet stem en verseker daar is leierskap om met die werk van die regering voort te gaan."

Nadat die vergadering vir die soveelste keer hervat is, het Trollip gevra dat daar op die tweede agenda gefokus word.

Die eerste item op dié agenda was die aansuiweringsbegroting, wat vroeër afgekeur is omdat die meeste partye daarteen gekant was. Dié begroting, waarin meer as R300 miljoen opsy gesit is om dienslewering in die voorheen onderbediende gebiede te verbeter, is uiteindelik goedgekeur. Die EFF se ses raadslede het egter nie gestem nie.

# Gouddelwers beset Grace se plaas in Zim

Grace, oudpres. Robert Mugabe van Zimbabwe se vrou, het van haar eie medisyne teruggekry toe gouddelwers die plaas wat sy in 2015 van plaaslike inwoners afgeneem het, dié week beset het om vir goud te myn.

*NewsDay* in Zimbabwe berig toe sy op die plaas aankom, het sy die ongeveer 400 gouddelwers gekonfronteer en hulle het dadelik die liedjie "Kutongwa Kwaro" begin sing. Dié liedjie is sinoniem met die oorname van mag deur pres. Emmerson Mnangagwa.



**Grace Mugabe**

Die mense het aan Mugabe gesê hulle kan nie van haar 'n opdrag kry om te gaan nie, hulle is net werkers. "Gaan vertel dit vir die mense wat aan ons werk verskaf het," het een van die mans aan haar geskree.

Van die gouddelwers het vir haar gesê sy het nie meer enige mag om hulle van die plaas te verwyder nie.

Die delwers het van die plaas se sitrusbome uitgehaal. Die BBC berig dat Grace die saak by die polisie aangegee het. Sy het in 'n polisieverklaring gesê sy het 'n inspeksie op haar plaas gaan doen en was geskok toe sy die groot groep besetters aantref.

## Kontak ons

**Redakteur**
Willem Jordaan
☎ 021 406 2564
red@dieburger.com

**Nuusredakteur**
Nadia Honiball
dbnred@dieburger.com
☎ 021 406 2285

**Nuuswenke (bedags)**
☎ 021 406 2222
**Nuuswenke (saans)**
☎ 021 406 2148
*Stuur lesersfoto's na webred@dieburger.com*

**Sportredakteur**
Herbert Pretorius
☎ 021 406 2122
herbert.pretorius@24.com

**Sakeredakteur**
Hanlie Stadler
☎ 021 406 4831
hanlie.stadler@24.com

**Kunsredakteur**
Laetitia Pople
☎ 021 406 3443
kuns@dieburger.com

**KONTAKSENTRUM**

**Geklassifiseerde advertensies**
041 503 6021

**Intekenare-navrae:**
087 740 1062
Intekenare@media24.com

## Verduidelikings en regstellings

Stuur inligting oor die regstelling van foute in die koerant aan *Die Burger* se ombudsman per e-pos na Marga Ley by mley@24.com of bel haar by 012 485 9132. *Die Burger* verwelkom voorstelle en kommentaar oor die koerant se inhoud.

## Persraad

*Die Burger* onderskryf die Suid-Afrikaanse Perskode wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, asook akkuraat, regverdig en gebalanseerd is. Indien ons nie voldoen aan die vereistes van die Perskode nie, is lesers welkom om dit onder die aandag van die Persombudsman te bring by ☎ 011 484 3612/8, faks 011 484 3619 of e-pos ombudsman@presscouncil.org.za of khanyim@ombudsman.org.za.

## Outeursreg

*Die Burger* is 'n lid van die Sirkulasieburo van Suid-Afrika, en word bestuur, gedruk en uitgegee deur Media24 Koerante, namens die eienaar, Media24 Beperk, Heerengracht 40, Kaapstad. Ingevolge Art. 12(7) van die Wet op Outeursreg 1978 mag geen berig, artikel of foto sonder verlof van die eienaar gereproduseer word nie.

# Hoë aanstelling in polisie is reeds omstrede

**Andrea Küsel**

'n Paar uur nadat Bheki Cele, minister van polisie, die nuwe hoof van misdaadintelligensie aangekondig het, is daar reeds omstredenheid oor dié aanstelling.

Cele het Donderdag op 'n mediakonferensie in Pretoria aangekondig dat lt.genl. Anthony Jacobs die nuwe hoof van misdaadintelligensie is.

Sowat 'n halfuur voor dié aanstelling het Dianne Kohler Barnard, die DA se woordvoerder oor polisie, genl. Khehla Sitole, die nasionale polisiekommissaris, gewaarsku om Jacobs eerder nie aan te stel nie. Sy sê 'n "wolk van verdenking" hang oor Jacobs en daar is minstens vier hangende interne klagte teen hom.

Sithole is op die mediakonferensie gevra of dit waar is dat hy gevra het dat die klagte teen Jacobs voor sy aanstelling teruggetrek word.

Die generaal het geantwoord dat hy nie van so iets weet nie.

"Al wat ek kan sê, is dat genl. Jacobs gekeur is en dat hy onder evaluasie geplaas is. Hy is skoon. Dus, dit was nooit nodig vir my om enigeen te vra om enigiets teen hom terug te trek nie."

Cele het dié kommentaar bevestig en gesê al die mense wat Donderdag aangestel is, het deur hoogs geheime keuring gegaan.

Die ander lede wat in bestuursposisies aangestel is, is lt.genl. Tebello Constance Mosikili as hoof van speurdienste, en lt.genl. Samson Shitlabane, wat aan die stuur van beskerming-en-sekerheidsdienste is.

Die nuwe provinsiale polisiekommissaris van die Vrystaat is lt.genl. Moeketsi Sempe.

■ Dié aanstellings is bekend gemaak op dieselfde dag dat Robert McBride, hoof van die onafhanklike polisieondersoekdirektoraat (Opod), gesê het die grootste bedreiging vir Suid-Afrika se nasionale veiligheid is "die nes van korrupsie" in die topbestuur van die polisie.

McBride het eergister voor die parlement se portefeuljekomitee oor die polisie gesê dít is die rede waarom die polisie nie ernstige en geweldsmisdaad kan hokslaan nie, berig **Llewellyn Prince**.

Hy het aan die komitee verslag gedoen oor die vordering met Opod se hoëprofiel-ondersoeke.

Dit sluit onder meer in die ondersoeke na lt.genl. Khomotso Phahlane, voormalige waarnemende nasionale polisiekommissaris, Riah Phiyega, voormalige nasionale polisiekommissaris, en ander topbestuurslui in die polisie oor hul beweerde aandeel in die Marikana-slagting, asook dié na die voormalige misdaadintelligensie-agent Morris Tshabalala ("Kaptein KGB").

McBride het aan die komitee gesê Opod wag op die nasionale vervolgingsgesag om te besluit of Phiyega en ander in verband met die Marikana-gebeure vervolg gaan word.

Volgens hom doen die polisie se topbestuur egter alles in sy vermoë om Opod se ondersoeke in die wiele te ry. "Buiten 'n paar uitsonderings, funksioneer die polisie op sy hoogste vlak as 'n broeiplek van korrupsie."



**Lt.genl. Anthony Jacobs, die polisie se nuwe hoof van misdaadintelligensie.** Foto: DEAAN VIVIER